




Mr. Albert Voorsanger, die Orkesmeester.



Mr. Leslie Heward, Dirigent van die Kaapstadse Orkes.



Mr. Stanley Lewis, Sakebestierder van die Kaapstadse Orkes.

DIS met baie geesdrif, 'n verkwikende hoop vir die toekoms en met groot simpatie vir alles wat musiek betref en daarmee in verband staan, dat mnr. Stanley Lewis sy nuwe pos aanvaar het. Oor die veertig applikasies het ingekom vir die pos van Sakebestierder, en mnr. Lewis is gekies. Aanvanklik het hy in die regte gestudeer. Gebore van Ierse ouers, voel hy hom deur en deur Suid-Afrikaner en spreek hy Afrikaars soos 'n regte Afrikaner, wat hom sy taak veelsydig laat opvat. Met die grootste geesdrif vertel hy van sy planne om 'n ernstige musikale lewe en liefde vir musiek te kweek deur alles wat moontlik is te doen vir die skoolkinders. „Ek sal al my kragte gebruik om in die toekoms konserte te hê waar nie alleen die kinders kosteloos kan heengaan nie, maar ook dat hulle vry reiskoste kry om die skole in die voorstede 'n kans te gee om die konserte by te woon. Eers dan sal die Kaapse Orkes op 'n deeglike basis gevorm kan word, en sal ons nie meer bevrees wees vir die toekoms nie. Die voortbestaan van die Orkes is dan verseker.

„Ons kan maar veg en veg solank ons wil, die teenswoordige geslag verkeer te baie in 'n maalstroom van plesier om nog tyd te vind en lus te voel vir deeglike musiek. Die jongspan bestudeer miskien die musiek meer as ooit tevore, omdat dit so by die opvoeding hoort, maar die meeste kom nie verder as die neem van die lesse nie.

„Dit sal baie tyd neem,” besluit mnr. Lewis sy rede, „maar dit sal kom.”

Met die sterke oortuiging van 'n man wat al sy kragte wy aan die orkeslewe en as regte Suid-Afrikaner die land en die mense ken, kan dit nie anders nie of die Kaapse Orkes sal met sy bestierder welvaar.

Begin Augustus gaan die Orkes op 'n kunsreis deur die Unie wat twee maande sal duur. Konserte sal gegee word in Kimberley, Bloemfontein, Port-Elizabeth, Grahamstad, Somerset-Oos, Kingwilliamstown, Queenstown, Oos-Londen, Durban, Maritzburg, Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom. Begin Oktober sal die werksaamhede in Kaapstad hervat word. Dan kom Stellenbosch ook op die lys vir vier konserte.

Musiek.

VERNAME MANNE VAN DIE ORKESLEWE IN KAAPSTAD.

Deur Joh. Luijt.

Mr. Leslie Heward is aan al die lesers goed bekend. Sy onmiskenbare talent as musiekdirigent sal vir hom in die toekoms 'n skitterende plaas verseker.

* * * * *

Mr. Albert Voorsanger, wat tans die plaas van Orkesmeester inneem, is gebore in Manchester. Hy tel sy leeftyd nog in die twintig. Mr. Voorsanger is leerling van die beroemde violis dr. Brodsky, wat leraar was aan die Konserwatorium vir Musiek, Manchester, dog dié pos het hy opgegee weens hoë ouderdom. (Dr. Brodsky is vyf-en-sewentig jaar, Rus van geboorte.)

Mr. Voorsanger het vir tien jaar lid uitgemaak van die Hallé-Orkes, Manchester, en is daarom baie vertrouwd met al die orkeswerke.

'n Onderwyser vra eendag vir 'n seuntjie van omtrent ses jaar:

„Hansie, ek het tien eende; twee versuip; hoeveel bly oor?”

Hansie: „Nee, Meneer, 'n cend versuip nie!”

* * * * *

'n Boer van 'n buiteplaas kom uitasem by die dokter, en sê hy moet tog gou na sy plaas toe kom. Die dokter was huiwerig, maar laat gou sy kar inspan, laai die man op, en ry na die plaas. Toe hulle daar kom en afklim, vra die man:

„Wat vra u om uit te kom na die plaas?”

'n Halfghenie,” antwoord die dokter. „Nou ja,” sê die man, „hier is dit, dokter; die kebryster vra my mos vyftien sjelings!”

„En Amateur.”

(Vervolg van bladsy 25.)

Ek het haar hande in myne geneem.

„Ek weet van 'n groter en edeler liefde as dié van Sarel,” het ek gesê. „Dié liefde is dié van jou. Maar hierdie liefde dwing jou om te baie op te offer.”

„Dit is nie te veel wat ek opoffer vir so 'n liefde soos syne nie,” het sy geantwoord; „maar na ek met u in die koffiehuis gepraat het, het ek geweet dat ek myself, die een wat hy nog liefhet, nooit so sal verlaag nie. Maar moenie bang wees dat ek na hom sal teruggaan nie; daarvoor het ek hom te lief, en ek weet nou dat die liefde my sal sterk maak.”

Ek het huis-toe gestap; ek het gedink watter straf op die man wat so 'n kwaad aan twee siele kon doen, gelê kon word.

Maar ek het nie 'n straf gevind nie.

Ons Wilde-Voëls.

(Vervolg van bladsy 27.)

ning naby die Portugese grens in Uniegebied maak. In Oktobermaand is hy al in Transvaal, en dieselfde maand in Vrystaat en Natal, en van daar na die Kaapprovinsie is dit vir hom maar 'n plesiertoggie. In Februarie maak hy klaar om te vertrek. Hy het geen huisvesting hier nie, want ofskoon hy soms lyk asof hy wil nes maak—ek het 'n paar gesien wat stokkies bymekaar gemaak het in 'n boom, in die bosveld van Transvaal—, bou hy tog nooit hier 'n nes nie, en sekerlik broei hy nie hier nie.

(Word vervolg.)

'n Onderwyseres sê aan haar klas: „Oor die algemeen kan 'n mens sê dat al die diere wat vere het, eiers lê. Kan een van julle 'n dier noem wat dit nie doen nie?”

Een van die kinders antwoord ewe gou: „'n Haan, Juffrou!”